# Russiese pyn laat my besef: Ek wil tuis wees

Die geklop aan my deur om 02:00 vm. in 'n klein hotel iewers in middel-Moskou lewer twee groot Russe wat beweer hulle is medici. Hulle daag eers twee uur ná my oproep op; ek krul van pyn op die krop van my maag.

Ons sukkel om met handgebare te kommunikeer. Die man praat in 'n fluisterstem met die vrou. Ek dink hy het gesnap watter deel van my anatomie pyn, maar hy dring daarop aan om my hart te ondersoek.

Die twee haal vier reuse-klampe uit hul gereedskapskis. Genugtig, dink ek, ek gebruik dié soort goed om my motor aan die gang te kry!

Die man haas hom badkamer toe, gooi water in my enigste glas en dompel die klamppunte daarin voordat hy dit aan my arms en bene vasmaak. Die kontrepsie lewer waarlik 'n lang gedrukte lyn op: my hart is piekfyn.

Die pyn is nou ondraaglik en ek soebat om “pille”. Skielik praat die man verstaanbare Engels: “Jou pyn is die diagnose.” Ek moet hospitaal toe.

Agterin die ambulans, stadig deur koue Moskou om 03:00 vm. Meer as 30 min. later ry ons 'n basiese, dog ordentlike deel van die hospitaal binne.

Die dokter op bystand word gewek. Nog 20 min. later verneem ek (dink ek) ek is nie 'n diplomaat nie en dus in die verkeerde deel van die hospitaal. Die man sê: “Moet asseblief nie teleurgesteld wees waar ons gaan nie.”

Ek is bereid om te betaal, maar hy is ferm:”In Rusland beteken geld niks nie.”

Ons betree 'n ander kant van die hospitaal. Ek skuifel binne. Pasiënte, medici en veiligheidswagte kyk my aan asof ek uit 'n boom geval het. Bid jou aan: 'n swart man uit Afrika wat 'n Moskouse hospitaal binnestap...

Waar ek in die Kaap grootgeword het, was Victoria-hospitaal myns insiens die ergste soort mediese fasiliteit ter wêreld. Wat ek hier sien, sou Koningin Victoria trots gemaak het. Mans wat ongeërg rook, kry steke in die gang. Vroue met bloeiende koppe lê op harde banke. Uit skone nostalgie neurie ek *Nkosi Sikelel'i Afrika*.

Ek vra om water, wys na 'n druppende kraan en 'n groot bottel daag op. Ek ontvang nóg 'n groot bottel en die behulpsame dokter rits sy gulp oop, beduie dat hy 'n urienmonster soek.

Wat ek in 'n vieslike toilet produseer. Dis 'n komiese gesig: Ek hou my tas, asook my twee bottels vas. En ek krul van pyn.

Waarheen nou vir my urientoets? Goed vies, besluit ek om terug te gaan hotel toe, gereed om my Skepper te ontmoet.

Maar toe ek met die trappe afgaan, bespeur 'n medikus my dilemma en wys my waar die Kamer is. 'n Reusagtige Russiese vrou met 'n uitdrukkinglose gesig penetreer my vinger met wat soos 'n spyker voel.

Nog 'n medikus spreek my op vleklose Russies aan. Ek kry 'n inspuiting in my agterent.

Teen dagbreek lei ‘n medikus my weg. Dié ontdek skielik hy is Engels magtig: “Gee my 5 000 roebel”. Ek gee hom dieselfde Afrikaanse antwoord as vir die verkeersman wat my van die pad getrek het omdat ek glo te vinnig gery het. Twee ure later is ek by my hotel.

Ek vlieg huis toe. Bokant Johannesburg besef ek ons politici glo 'n stort kan vigsinfeksie hokslaan.

Ja, ek is tuis. Maar wees verseker: ek wil eerder hier wees as op enige ander plek.